

8 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 29-30
Fokusgedeelte: Esegïel 29:1-16

Valse vertrouwe baat niks

Ten opsigte van die profesieë teen die nasies geld die algemene reël dat onheil vir die nasies heil vir Israel beteken. Tog is daar dikwels uitsonderings op algemene reëls. Só 'n uitsondering is ons fokusgedeelte. Hierdie profesie teen Egipte dateer uit die tyd toe Nebukadnesar Jerusalem vir agtien maande lank beleër het. Die inwoners van Jerusalem en die ballinge met wie Esegïel gepraat het, het gehoop dat Egipte hulle teen Babel sou kom help. Pleks daarvan dat hulle op God vertrou het, hulle skuld bely en hulle bekeer het, het hulle op mense gehoop. Dit het meer kere in Israel se geskiedenis gebeur dat hulle so hulp by mense gesoek het. Esegïel moes die oordeel oor Egipte aankondig sodat sy gehoor, die mense in ballingskap, sou besef dat vertrouwe op Egipte 'n valse vertrouwe was wat hulle niks sou baat nie. Die geskiedenis het dit ook reg bewys. Sedekia – wat toe in Jerusalem regeer het – en Egipte het teen Babilonië saamgesweer. Toe Jerusalem egter in die nood was, het Egipte sy bondgenoot in die steek gelaat. Valse vertrouwe bring net meer ellende. Ons kan nie op eie vermoëns, of op rykdom, of op ander mense steun nie. In Christus kan ons volle vertrouwe in God hê. Juis daarom mag ons nie op valsheid vertrou nie. Maak dus seker dat jou hele lewe gebou is op God se beloftes en nie op iets wat jy in God se plek wil stel nie.

Sing: Psalm 31:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)